

God gee besondere krag in beproewing

Psalm 92:11

God se genade dra ons op baie verskillende maniere:

- Soms gee Hy krag om ons siekte te dra en andere kere gee Hy genesing. Die Bybel beskryf dit ook op verskillende maniere.
- Soms dra Hy ons op arendsvlerke. Hy laat ons uitstyg bo ons bekommernisse.
- Soms gee Hy ons die vlugvoetigheid van 'n ribbok. Dan ontvang ons die praktiese vermoë om bo-uit te kom in ons probleme.
- En soms gee God ons krag soos die van 'n buffel. 'n Buffel is nie verniet een van die Groot Vyf nie. Dit is 'n gevaarlike dier om te jag, al laat dit ons maar baie aan 'n bees dink. En veral 'n gekweste buffel is gevaarlik. Dan is dit vreesloos en dis asof dit tien maal sy normale krag het.

En so ontvang ons ook van God besondere krag wanneer ons gekwes is. Wanneer ons deur die lewe seergekry het, teen die grond gegooi word, of

skynbaar hulpeloos in 'n hospitaalbed lê, ervaar ons ongelooflike krag en kalmte. En waar anders as by God kry ons die krag om staande te bly en om selfs 'n getuie te wees van God se voorsienigheid en sy liefde.

As Satan dink ons is siek en swak, dan kry hy 'n gekweste buffel. Nie wat ons humeur betref nie, maar wat ons krag en uithouvermoë betref. En dan sal hy ook vir Jesus Christus onthou, wat met ongelooflike krag geveg het toe ons - wat vir Hom dierbaar en belangrik is - in die allergrootste lewensgevaar was. En Satan sal beleef dat Jesus Christus in ons is en steeds vir ons veg. Hy was bereid om sy lewe op te offer vir ons wat geen ander hoop gehad het nie. God sal u nie in die steek laat nie.



Publikasie
Publication



Nr./No.: H44